

# **‘n EKONOMIESE BENADERING TOT MEGANISASIEBESTUUR**

**DEUR**

**DR PHILIP THEUNISSEN**

---

## **INLEIDING**

Die boer se vermoë om die regte masjinerie te selekteer is ‘n belangrike bestuursfunksie aangesien baie ander aktiwiteite daaraan verwant is. In die finale instansie moet die seleksie opbrengs verhoog en waarde tot die boerdery voeg. Dit maak meganisatiebestuur een van die komplekse funksies van boerderybestuur want dit behels die besit, sowel as die gebruik, van masjinerie.

**Die doelwit van meganisatiebestuur is dat dit op ‘n koste-effektiewe manier tot totale bestuur moet bydra. ‘n Begrip van die verskillende koste-komponente en die toepassing van behoorlike ekonomiese beginsels op die meganisatiestelsel sal positief tot die wins van ‘n boerdery bydra.**

Besit van masjinerie behels kapitaal en kapitaal moet ‘n rentabiliteit realiseer. Dit kan slegs rentabiliteit realiseer as dit benut word maar die gebruik van ‘n masjien bring weer koste mee. Die fyn balanseertoertjie van meganisatiebestuur is dus: investeer die korrekte hoeveelheid kapitaal om die boerdery-aktiwiteite op die mees effektiewe manier teen die laagste koste te kan afhandel. Dit klink eenvoudig maar dit beteken dat die boer:

- al die verskillende koste-komponente en bestuursbeginsels moet verstaan;
- die fisiese deel van die paring van trekkers en implemente moet kan doen;
- die trekkers en implemente moet kan onderhou en die koste daarvan kan bereken;
- uitgediende trekkers en implemente op die regte tyd moet kan vervang;
- die vervanging met die regte finansieringsvorm moet kan doen;
- altyd daarna sal strewe om die masjinerie op die effektiefste manier aan te wend.

Die nakoming van bogenoemde reëls sal daartoe lei dat masjinerie die meeste waarde tot die boerdery se wins voeg.

Die toevoeging van wins beteken dat die bestuur van landbou-masjinerie op ‘n ekonomiese grondslag benader moet word. As dit nie so is nie, het die boer ook nie ‘n ekonomiese benadering tot sy boerdery as ‘n geheel nie en sal sy boerdery dus nie enige finansiële uitdagings kan oorleef nie.

## **REGVERDIGING VAN MASJINERIE**

Die gebruik van masjinerie voeg koste tot die boerdery by. Die vraag is: is die bykomende koste die moeite werd? Die antwoord hierop is dat die benadering steeds wees dat daar vasgestel moet word of die bykomende koste waarde tot die boerdery se wins voeg.

## **Verlaagde sleurwerk**

Die gebruik van masjinerie sal nie noodwendig altyd 'n direkte verhoging tot wins veroorsaak nie. Die positiewe effek van masjinerie wat harde en vuil werk kan doen is dat dit op die einde tog tot beter produktiwiteit kan bydra en dit kan selfs arbeiders se lojaliteit verhoog. Voorbeelde van sulke masjinerie is toerusting wat graan hanteer, palette hanteer of van dierlike afval ontslae raak.

## **Verhoogde opbrengs**

Die gebruik van masjinerie kan opbrengs op vyf maniere verhoog:

- Besproeiingstoerusting sal opbrengs direk verhoog;
- Die beskikbaarheid van 'n wye reeks implemente vir verskillende grondsoorte sal opbrengs verhoog;
- Die afhandeling van aktiwiteite binne die optimale tydgleuf sal opbrengs verhoog;
- Toerusting wat skade aan produkte verminder sal pryse verhoog deur middel van beter kwaliteit;
- Die gebruik van opbergingstoerusting kan tot die benutting van beter marktoestande aanleiding gee.

Die oneffektiewe gebruik van masjinerie aan die ander kant kan tot 'n daling in opbrengs lei.

## **Verminderde koste**

Die hoofrede vir die gebruik van masjinerie is om koste, veral arbeidskoste, te verlaag.

## **Vervang arbeidskoste**

Die boer kan soms ook gedwing wees om masjinerie te gebruik omdat toepaslike arbeid nie beskikbaar is nie. Hy kon arbeid oorweeg het indien dit wel beskikbaar was.

## **BESTUURSBENADERING**

Die oorhoofse doelwit van boerdery-bestuur is om vir maksimum volhoubare wins te beplan. Meganisasiebestuur is deel van oorhoofse bestuur en daarom behoort die oogmerk daarvan ook maksimum volhoubare wins te wees. Dit moet dus deel wees van vooruitskouende besluite oor belangrike aspekte soos hoeveel van 'n produk geproduseer moet word en hoe elke vertakking op die plaas inmekaar moet steek om 'n effektiewe besigheid as geheel te vorm.

Wingsgewendheid word deur 'n kombinasie van faktore beïnvloed. Al die faktore moet as belangrik geag word omdat sommige faktore nie noodwendig altyd 'n kontantbydrae tot wins lewer nie. Indien sulke indirekte faktore misgekyk word, kan dit 'n negatiewe effek op wins hê. Dit is beslis die geval met masjinerie omdat daar verskeie koste-komponente by betrokke is waarvan die meeste se impak op wins indirek is. Meganisasiebestuur verdien dus spesiale aandag binne die oorhoofse bestuursproses.

## **MEGANISASIEBESTUUR**

Hoewel 'n meganisasiestelsel meer betroubaar en produktief as 'n arbeidstelsel is, moet die boer se strewende altyd wees om sy eindproduk prysgewys so kompetender as moontlik aan te bied. Dit sal sy wins bepaal

en nie die gemak van een stelsel bo –n ander nie.

Ten spyte van die koste-implikasie, is boere die afgelope paar dekades meer geneig om te meganiseer eerder as om hulle arbeid uit te brei. In Suid-Afrika dra negatiewe arbeidswette ook daartoe by dat daar –n toename in die investering van masjinerie is terwyl die aantal arbeiders aan die afneem is. Die grootte van trekkers en implemente is ook aan die toeneem. Die gevolg is dat plase ook groter word om die groter trekkers te kan akkomodeer.

Die toename in die gebruik van masjinerie het nie alleen net met graangewasse gepaard gegaan nie. Dit het ook in die produksie van lewende hawe en produkhantering toegeneem. Arbeid is selfs deur kleiner masjinerie vervang soos in die geval van elektriese motors, augers en vervoerbande waar dit arbeidskoste kon verlaag.

Meganisasie in die landbou is –n progressiewe proses wat eeue gelede met eenvoudige toerusting begin het. Met die voortdurende verfyning van tegnologie sal die ontwikkeling net voort duur en is die enigste beperking daarop die noodsaaklikheid dat die nuwe masjinerie ekonomies regverdigbaar moet wees. Hierdie neiging sal beteken dat minder boere genoeg voedsel en kleding aan die steeds toenemende populasie sal kan verskaf.

Die toename in meganisasie het tot –n groter investering in masjinerie op plase gelei. Daarmee saam het die operasionele koste met die gebruik van hierdie masjinerie ook toegeneem. Die gepaardgaande verhoging in meganisasiekoste kan deur middel van vier algemene metodes beheer word:

- Vermyn onnodige investering in te veel masjinerie sodat vaste koste laag gehou kan word;
- Beheer die veranderlike operasionele koste wat met gebruik gepaard gaan;
- Verhoog die jaarlikse gebruik van masjinerie sodat die jaarlikse koste van eienaarskap per hektaar kan verlaag;
- Gebruik alternatiewe eienaarskap soos huur, om masjinerie te bekom.

Meganisasiebestuur behels die besluitneming oor masjinerie met die doelwit om wins te verhoog. Die bestuur van masjinerie en die gebruik daarvan hou egter verband met die kombinasie van vertakkings en ook die ander hulpbronne op die plaas. Dit maak dit moeilik om die belangrikheid van masjinerie van die res van die boerdery-aktiwiteite te skei en beteken dat meganisasiebestuur altyd binne die konteks van die boerdery as geheel gesien moet word.

---

**BETHLEHEM**  
**Maart 2007**